# PERSVERKLARING

## AARTAPPELS GAAN PROMINENTE ROL SPEEL BY WÊRELD VOEDSELDAG

Die tema vir Wêreld Voedseldag 2009 is "**Bereiking van voedselsekuriteit in Krisistye**" en ter viering hiervan gaan Aartappels Suid-Afrika een ton aartappels skenk as bydrae om 'n voedseltoring by die Muyexe woongebied in Giyane, Limpopo Provinsie te bou wat die amptelike plek is vir die Suid-Afrikaanse viering van Wêreld Voedseldag op 16 Oktober 2009. Om die toring hoër te kan bou sal die Joburg Mark 'n addisionele ton aartappels skenk. Die aartappels asook ander produkte wat ontvang word sal geskenk word aan die meer as 3 000 dorpenaars wat tans gebuk gaan onder erg-gebrekkige voedselsekuriteit.

Bykomend tot bogenoemde skenking het Aartappels Suid-Afrika en RSA Markagente saamgespan om 'n verdere twee ton aartappels te skenk om 'n soortgelyke voedseltoring te bou by die Makgolokoeng woongebied buite Harrismith in die Oos-Vrystaat. Die voedsel wat ontvang word sal aan die dorp se behoeftige inwoners geskenk word.

Volgens Mark du Plessis, uitvoerende hoof van Aartappels Suid-Afrika, is die skenking ter aansluiting van die organisasie se onderneming in 2008 om voort te gaan om 'n prominente rol te speel in hongerverligting in Suid-Afrika. "Ons het laasjaar deelgeneem aan Wêreld Voedseldag as deel van die Internasionale Jaar van die Aartappel en ons is vanjaar weer betrokke. Ons is verbind om die beskeie aartappel te gebruik om vreugde te bring aan gemeenskappe deur honger, armoede en wanvoeding te beveg asook om 'n integrale rol te speel in voedselsekuriteit."

Hy het bygevoeg dat die aartappel ongetwyfeld die nommer een groente is om die 2015 Millennium Ontwikkelingsdoelwit te bereik wat daarop gemik is om die getal honger kinders te halveer tot sowat 34.5 miljoen. "Die aartappel het al die bykomstighede van 'n regte 'honger-bevegter' as gevolg van sy intrinsieke waardes soos om voedsaam, gesond en vullend te wees."

Aartappels Suid-Afrika glo aan die aangepaste spreukwoord – gee 'n man 'n aartappel en vul sy maag vandag, leer hom om aartappels te verbou en vul sy maag vir al sy dae. In lyn hiermee is die organisasie verbind tot die vestiging van 'n kultuur om aartappels te plant onder die jeug van behoeftige gemeenskappe. Dit word gedoen by wyse van 'n aantal projekte wat in 2008 geloods is en wat in 2009 voortgesit is. "Deur ons ondersteuning aan ontwikkelende boere en skoolprogramme poog ons om ontluikende entrepreneurs, leerders, opvoeders en ouers toe te rus om deel te word van ons doelwit om te verseker dat alle Suid-Afrikaners nie meer honger sal gaan slaap nie", het hy ten slotte gesê.


| | | |
|---|---|---|
| UITGEREIK DEUR | : | Aartappels Suid-Afrika |
| NAVRAE | : | Etienne Booyens |
| KONTAKBESONDERHEDE | : | (Tel) 012 3491906 (Sel) 082 3880514<br>ebooyens@potatoes.co.za |
| EMBARGO | : | Vir onmiddellike vrystelling |
| DATUM | : | 13 Oktober 2009 |